

# PULA IMVULA

GRAIN SA
GRAAN SA

*Augustus 2012*

*Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsente*



# Ontmoet ons genomineerdes vir Ontwikkelende Boer van die Jaar


*Die beoordelaarspaneel het bestaan uit Willie Kotzé, Jane McPherson, Jenny Mathews, Jan de Villiers, Dirk van Rensburg, Karabo Peele en Gerard Mamabolo.*

## LEES BINNE:


2 > "Hou aan doen wat jy tans doen"

6 > Bestuur en leierskap gaan hand aan hand

7 > Begroting – nie net 'n bestuursfoefie nie



4


6

**DIE TOER VAN GRAAN SA SE ONTWIKKELENDE BOER VAN DIE JAAR VIR 2012 HET PLAASGEVIND GEDURENDE JUNIEMAAND. ONS HET DRIE FINALISTE WAT DEUR HUL ONDERSKEIE PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS BENOEM IS, NAAMLIK ISRAEL MOTLHABANE, JOHN MOTSOENENG EN TEMBALEKHAYA FORT NKUHLU.**

Die paneel van beoordelaars het bestaan uit Jane McPherson (Graan SA Projekbestuurder), dr Willie Kotzé (Graan SA Ontwikkelende Boer Operasionele Bestuurder) asook die huidige voorsitter van die Mielietrust, Karabo Peele en Gerard Mamabolo van AgriSeta. Dirk van Rensburg, Jan de Villiers en Jenny Mathews, almal boere met 'n wye veld van belangstelling en ervaring, het ook deel gevorm van die paneel.

## Israel Motlhabane

Israel het sy eerste plaas, Annasvlei, geleë in die Wesselsbron-distrik, in 1996 op 'n veiling gekoop. Hy het vir 'n lang tyd gespaar om sy droom, naamlik om 'n plaas te besit, te bewaarheid. Hy was in staat om die deposito uit sy spaargeld te betaal en die res van die Land Bank te kry. Hierdie vasberade man het sy droom 'n werklikheid gemaak deur middel van harde werk en goeie beplanning. Hy is ook vinnig om erkenning te gee aan die waardevolle ondersteuning van sy wonderlike vrou, Nunu, wat reeds vir baie jare 'n onderwyseres is.

Hierdie genomineerde is gebore op 'n plaas in die Hoopstad-distrik, waar sy vader sy hele lewe 'n plaaswerker was. Israel het 'n plaasskool bygewoon tot Graad 7, waarna hy sy Graad 12 voltooi het by 'n hoërskool op Hoopstad. Hy het altyd naweke huis toe gegaan, want dit was waar hy op sy gelukkigste was. Israel sê: "As jy op 'n plaas grootgeword het, bly dit by jou. Dit is in jou bloed." Dit is duidelik, want hoewel Israel by die poskantoor op Welkom gewerk en in 1985 die posmeester geword het, het hy nie ophou

3



# Mme Jane sê...

Dit is Augustus en elke boer wat beplan om 'n somergewas aan te plant, moet oor die volgende sake nadink:

- Waar gaan ek plant? (Het ek 'n vaste huurooreenkoms op daardie grond?)
- Wat gaan ek plant?
- Weet ek hoe om die gewas te plant wat ek beplan?
- Het ek die nodige trekkers en implemente (of trekdiere)?
- Het ek grondmonsters geneem sodat ek weet hoe om my grond te bemes?
- Het ek geld om die gewas behoorlik en reg te plant?
- Waar gaan ek my oes bemark?

Indien jy nie oor al bogenoemde sake besin het nie, moet jy dadelik daaroor begin nadink en die nodige planne maak. Die boer wat nie suksesvol gaan plant nie, is die boer wat nie planne gemaak het nie.

Ons het 'n aantal oproepe ontvang van mense wat graag by Graan SA wil aansluit. Wanneer jy hierdie artikel lees, beteken dit jy hou die Pula/Imvula in jou hande. Op die agterkant van die Pula/Imvula sal jy die name en kontakbesonderhede vind van Graan SA se provinsiale koördineerders. Kyk na die lys en bepaal wie die naaste aan jou is.

Ongelukkig het ons nie kantore in al die dorpe nie en jy sal moet kontak maak met die naaste koördineerder aan jou om te sien hoe jy betrokke kan raak by ons ontwikkelende program. Daar sal van jou vereis word om R15 per jaar te betaal en dit sal jou in staat stel om alle studiegroepvergade-rings, boeredae en opleidingskursusse by te woon asook om die Pula/Imvula maandeliks te ontvang. Jy sal nooit spyt wees dat jy R15 belê het nie, want jy sal baie inligting daarvoor ontvang. Ons vra om verskoning dat ons nie in Limpopo werksaam is nie – dit is 'n saak van finansiering en ons het nog nie daarin geslaag om finansiering te bekom om in dié provinsie te werk nie, alhoewel ons weet daar 'n groot behoefte is daaraan.

# Karabo Peele – die nuut aangestelde voorsitter van die Mielietrust

**KARABO PEELE, NUUT AANGESTELDE VOORSITTER VAN DIE MIELIETRUST.**

Na aanleiding van die aanstelling van Jannie de Villiers as Graan SA se uitvoerende hoof, is Karabo Peele in April aangestel as die voorsitter van die Mielietrust. Karabo, wat die Graan SA Ontwikkelende Boer van die Jaar in 2002 was, boer in die Ventersdorp- en Rustenburg-distrikt.

**ESTIE DE VILLIERS, PULA/IMVULA REDAKSIONELESPAN**



*Karabo Peele, nuut aangestelde voorsitter van die Mielietrust.*

# "Hou aan doen wat jy tans doen"

**ONTWIKKELING VAN BOERE IS NIE 'N MAKLIKE PROSES NIE EN DAAR IS BAIE PROBLEME WAT OP VERSKEIE VLAKKE OORKOM MOET WORD. DIT IS EGTER TEN MINSTE EEN KEER PER JAAR TYD OM TE KYK NA WAT GOED IS EN DIT TE VIER.**

Dit is 'n baie bevredigende ondervinding om die boere op hulle plase te besoek en eerstehands die impak wat die Graan SA Ontwikkelingsprogram op die plase en in die lewens van die individuele boere het waarmee ons werk, te sien. Graan SA het ongetwyfeld 'n baie positiewe impak teweeggebring en die verskil is 'n werklikheid, siende dat plaasinkomste verhoog is, grondbenutting verbeter is en wonderlike, warm menseverhoudings ontwikkel is.

Ek wil hulde bring aan 'n wonderlike groep mense wat met passie en toewyding werk, wat voortdurend op al die paaie van Suid-Afrika rondry om mense te ontmoet wat hulp of raad nodig het –'n span wat die opkomende boere sal ondersteun, verseker dat billikheid ten alle tye plaasvind en 'n span wat sonder twyfel altyd die ekstra myl sal loop.

Ek is nederig en vol verwondering oor die toewyding van die Graan SA-span en sien myself as geseën om saam met hulle te kon reis en vreugde te vind in die werk wat reeds gedoen is. Ek wens hulle 'n vrugbare toekoms en baie veilige kilometers toe. Hou net aan doen wat jy tans doen, omdat jy besig is met iets wonderlik!

**JENNY MATHEWS, UITTREDENDE VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



*Jenny Mathews.*

# Ontmoet ons genomineerdes vir Ontwikkelende Boer van die Jaar




*Israel Motlhabane, een van Graan SA Ontwikkelende Boer van die Jaar-finaliste.*

droom om eendag sy eie plaas te besit nie. Hy begin toe deeltyds studeer deur die Vista Universiteit in die hoop om 'n graad in BA Maatskaplike Werk te bekom ten einde mense te help wat minder bevoorreg is as hyself. Hy het selfs sy eie langafstand-taxi-besigheid, 'n konstruksiebesigheid en tuindienste besit, maar hy het nooit ophou droom om eendag sy eie stuk grond te besit nie.

Hy het duidelik 'n besigheidsbrein en beskou landbou as 'n besigheid waar daar geld gemaak kan word as jy hoëpotensiaal grond koop en dinge korrek en op die regte tyd doen. Israel het ook geleer om raad te vra van diegene rondom hom. Graan SA-lid, Chris Schoonwinkel, het by die paneel van beoordelaars aangesluit en getuig van die feit dat Israel aanhoudend vrae vra en leer van ervare boere rondom hom. Hy het ook 'n goeie werksverhouding met sy voorligtingsbeampte van die Departement van Landbou. Chris het ook gesê dat Israel die reputasie het van 'n goeie man om besigheid mee te doen, omdat hy verkies om kontant te betaal wanneer hy tweedehandse implemente en trekkers koop. Hy is van die begin af betrokke by die spesifieke Graan SA-program. Hy handhaaf 'n baie goeie en hulpvaardige verhouding met sy Graan SA provinsiale bestuurder, Johan Kriel, van wie hy sê: "Hierdie man raak nie net jou brein nie, maar ook jou hart. Hy het my laat voel dat ek iets kan doen, dat ek nie alleen is nie." Hoewel kennis, vaardigheid en ondervinding aanvanklik 'n probleem was, het Israel dit oorkom deur die bywoning van 'n hele aantal kursusse.

In 2009 het Israel 'n tweede plaas, Uitkyk – ook in die Wesselsbron-distrik – deur die PLAS-stelsel van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming bekom. Hy besit nou bykans 900 hektaar, waarvan 600 hektaar bewerkbaar is. Die grondprofielgat wat Israel vir lede van die paneel gegrawe het, het almal in vervoering gehad weens die pragtige grond wat hy besit. Hy het voorwaar wonderlike landbougrond geïdentifiseer vir sy akkerbou-onderneming. Israel plant tans vyfvoet rye en kan 'n normale opbrengs van 5,4 ton per hektaar verwag. Hy het ook 50 hektaar Smutsvinger-weiding en 230 hektaar natuurlike weiding. Israel beklemtoon die belangrikheid van die gebruik van chemikalieë om onkruid te beheer. Hy beoefen minimum bewerking en gebruik kontrakteurs om sy boerdery te ondersteun. Israel hou die mark dop en koop sy insette teen die beste pryse wat hy kan onderhandel, of selfs wanneer hulle beskikbaar gestel word teen spesiale pryse. Hy het reeds kunsmis in sy skure vir sy volgende oes, want hy kon vooruit koop teen goeie pryse. Ongelukkig sukkel hy met diefstal, omdat hy naby 'n lokasie en munisipale stortingsterrein geleë is. Vreemde diere loop altyd op sy grond en die sparre van sy drade word gereeld gesteel.

Hy gee tans terug aan die landbougemeenskap deur te dien as 'n uitvoerende Graan SA-lid van die Raad. Hy ondersteun ook drie jongmense met hulle VOO-opleiding en hulle bly gereeld op sy plaas gedurende hul vakansies.

# Ontmoet ons genomineerdes vir Ontwikkelende Boer van die Jaar



*John Motsoeneng, 'n finalis van die Aberfeldy-distrik in die Vrystaat.*

## John Motsoeneng

Streeksfinalis Johannes Motsoeneng boer op die plaas Sunnyside, geleë in die Aberfeldy-distrik in die Vrystaat. Hy is in 1936 in die Lindley-distrik gebore en het grootgeword op 'n plaas waar hy uiteindelik sy loopbaan begin het as 'n plaaswerker. Hy het vir baie jare as 'n plaaswerker gewerk en op 'n latere stadium ook sy vragmotorbestuurders-lisensie verkry. Hy het later by Yskor in Newcastle gewerk en ook by Sasol in Secunda as 'n vragmotorbestuurder totdat hy in staat was om sy eie taxi-besigheid op Qwa-Qwa te begin wat hy vandag nog bedryf. In 2004 was hy uiteindelik in staat om sy plaas te koop waarvan hy nog altyd gedroom het. John is getroud met Alinah en saam het hulle tien kinders, waarvan agt nog leef en 'n sukses van hul onderskeie loopbane gemaak het.

John boer op die oomblik saam met sy bestuurder, Jack Mofokeng, wat ook toevallig sy neef is. Hulle het 'n goeie werksverhouding en neem baie besluite saam. Sunnyside bestaan uit 239 hektaar bewerkbare grond en 221 hektaar veld, dus het hulle sterk akkerbou- en vee-elemente in hul boerdery. Hulle boer met 180 teelkoeie en 140 Merino-skape. Die afgelope twee jaar was moeilik en die laat reën het hulle verhinder om mielies te plant, daarom moes hulle sojabone en gespikkelde suikerbone plant. Die resultate was baie verblydend, alhoewel die laaste gedeelte van die oes geraak is deur die koue en ysige toestande wat in die Vrystaat geheers het.

John is 'n lid van die Kestell Studiegroep en het 'n paar van Graan SA se kursusse bygewoon, wat hy baie nuttig gevind het. Hy handhaaf ook 'n goeie verhouding met die provinsiale bestuurder vir sy streek, Jurie Mentz. Daar was baie goeie onkruidbeheer op die droëboon- en die suikerboongewasse en Johannes het voordeel getrek deur sy sojabone vroeër te plant en sodoende te vergoed vir die groei in 'n koeler gebied. Mentz sê ook John het sy landvoorbereiding betyds en korrek gedoen, sy saadbedvoorbereiding was baie goed en sy bone-aanplanting was uitstekend. John beoefen goeie praktyke deur die implementering van 'n toegevoegde waardeketting in sy besigheid en tans laat hy sy skape op die sojaboonlande wei. Hy voer ook die sojaboonhooi aan die ooie en lammers. Volgens Mentz is die skape en lammers baie vet en gesond, selfs al is die winter uiters koud.

Jurie Mentz sê daar is 'n Zoeloe-uitdrukking, *ufunda uzufe*, wat beteken dat 'n mens bereid moet wees om te leer totdat hy sterf. Hy voel dat John 'n baie goeie boer is wat luister na raad. Hy is nooit te trots om te leer nie, hy vra baie vrae en wil altyd meer en meer inligting hê, omdat hy sê sy nuutverworwe kennis help hom groei as 'n boer, selfs al is hy reeds 'n ou man! John bemark sy oes deur Agricom, wat hom ook help met finansiering vir sy insetkoste.

## Tembalekhaya Fort Nkuhlu

Tembalekhaya is in die Oos-Kaap gebore en het grootgeword naby Cala. Van kindsbeen af was hy blootgestel aan die landbou-omgewing, omdat sy oupa altyd in die landbousektor betrokke was. Aangesien sy belangstelling in boerdery ontwikkel het, het hy besluit dat hy graag in sy oupa se voetspore wil volg. In 2000 het Khaya se pa, Wiseman Nkuhlu, die plaas Denemark in die Vrede-distrik gekoop en sedertdien het hy die bestuur van die nuwe onderneming toevertrou aan sy baie bekwame seun. Die plaas bestaan uit 200 hektaar vir die verbouing van gewasse en 800 hektaar veld, dus bedryf Khaya 'n gemengde boerdery met 'n aansienlike veekomponent waarvoor hy vier permanente werkers in diens het.



*Tembalekhaya Fort Nkuhlu, 'n ander Graan SA Ontwikkelende Boer van die Jaar-finalis van die Vrede-distrik.*

Khaya boer reeds vir elf jaar. Hy is 'n lid van die Kestell Studiegroep en is die afgelope drie jaar 'n gevorderde boer in die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere en is ook tans 'n lid van die Graan SA 250 Ton Klub. Sy provinsiale bestuurder, Jurie Mentz, sê: "Hierdie boer het die afgelope drie jaar met rasse skrede gevorder en hy is 'n voorbeeld vir ander opkomende boere van wat bereik kan word."

Behalwe dat dit baie netjies is, is die plaaswerf ook baie besig met perde, varke, hoenders, eende, kalkoene en selfs 'n paar katte. Dit is die huis van iemand wat lief is vir die boerdery-leefstyl! Die goed-toegeruste plaas, met 'n baie gesonde komponent van trekkers en implemente, word met toewyding en passie ontwikkel.

Nie net is daar die tradisionele vee- en akkerboupraktyke nie, maar die boerdery word tans ook uitgebrei met die bou van nuwe varkskure, 'n proses wat uiteindelik 'n verwerkingsfasiliteit sal hê wat biogas aan die plaas voorsien. Vanjaar is 60 hektaar sojabone en 85 hektaar mielies met sy eie finansies aangeplant. Khaya het hierdie jaar vir 'n verandering sy sojabone geplant voordat hy die mielies geplant het as gevolg van die feit dat hy in 'n koeler streek woon; baie goeie resultate is verkry, wat 'n aansienlike verskil aan die oes gemaak het.

Khaya is 'n passievolle boer en 'n man van die grond wat baie vinnig leer. Hy is 'n goeie kommunikeerder wat besig is om 'n sterk ondersteuningsnetwerk rondom hom te bou. Hy was byvoorbeeld tot so 'n mate bekommerd rakende die probleem van siekte by sy beeste wat oorgedra is van die plaas langsaan, dat hy die plaaslike veeartse gekontak het om meer te leer oor die probleem en probeer om oplossings te vind.

Kundige advies word altyd deur Khaya verwelkom, of dit nou oor boerderypraktyke, bemarking of finansiële bestuur gaan. Hy volg 'n praktiese benadering en nie net weet hy presies wat in sy boerdery gebeur nie, maar hy is ook gelukkig om self te werk en vuil te word om die werk gedoen te kry. Dit is nog 'n boer met 'n belowende toekoms.

**JENNY MATHEWS, UITTREDENDE VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



*Tembalekhaya by sy varkboerdery, saam met Jenny en Karabo.*



*John Motsoeneng en sy neef saam met die lede van die beoordelaarspaneel.*

# Bestuur en leierskap gaan hand aan hand

**DIT IS NIE 'N MAKLIKE TAAK OM 'N TIPIESE PLAASBESTUURDER TE DEFINIEER NIE. DIE VELD WAT HY BEDRYF WORD BEPAAL DEUR SO BAIE VERSKILLENDE FAKTORE WAT 'N WYE VERSKEIDENHEID VAN KEUSES LAAT.**

Bestuur en leierskap is nie dieselfde nie en verskil op baie maniere. Bestuur is meestal beperk tot 'n spesifieke taak of 'n onderneming en veranderinge vind plaas deur óf bevordering, of aftrede, terwyl leierskap ander individue lei om te groei. In die landbousektor kom leierskap meer na vore as bestuur. In die meeste gevalle het landbou baie te doen met die leiding, opleiding en die bemagtiging van dié wat betrokke is.

Die sukses van 'n plaas word bepaal deur die bevoegdheid van die leier, die wyse waarop werknemers hul werk beskou en die mate waarin 'n krisis ontstaan of nie ontstaan nie. As ons teruggaan na die basiese beginsels, moet ons erken dat goeie beplanning, goeie besluite en goeie beheer die span sal neem na oorwinning. Dit is belangrik om daarop te let dat die leier bevoeg moet wees om doeltreffend te wees in die rol. Niemand kan sy rol oorneem nie, want hy is deel van die hulpbronne van die plaas. Behalwe die bereiking van doelwitte, het die leier ook die belangrike taak om die boerdery-aktiwiteite te prioritiseer. Hy moet fokus daarop om doeltreffend te wees, 'n gemaklike tempo handhaaf en sonder ophou aanhou. Dit moet nooit 'n wedloop wees nie.

## Prioriteite

Die aard van prioriteite verskil en ons moet na die volgende kyk.

- Eerstens is daar breë prioriteite met betrekking tot langtermynbesluite. Wanneer ons die oefening doen, moet ons die volgende in gedagte hou: "Doen die belangrike dinge eerste." As leiers is ons geneig om aandag te gee aan dringende sake wat in die meeste gevalle deur onsself veroorsaak is. Die resultaat is 'n model van krisisbestuur (MBC). Dit is belangrik om die boerderyplan in orde te kry, wat minder krisisbestuur teweeg sal bring.
- 'n Tweede area van prioriteit is die fokus en identifisering van die kritieke winsareas. Ons moet nie versuim om die winsareas toe te pas en te beheer nie. Tyd moet oordeelkundig aan toepassing en beheer bestee word. Begrotingsbeheer is van kardinale belang. Ontwikkel die gewoonte om die belangrike dinge goed te doen. Pas aan wanneer omstandighede verander. Wanneer 'n ware krisis ontstaan, is daar geen ander keuse nie; alles kom tot stilstand en die fokus verskuif na daardie gebied.

Prioriteite verskil, want die omstandighede op elke plaas is nie dieselfde nie. Omstandighede verander van dag tot dag en dus moet ons bemarkingstrategieë verander om aan te pas by omstandighede.

Leiers moet nooit die belangrikheid van die bevordering van hul leierseienskappe onderskat nie. Dit is selfs nog erger om arbeidsopleiding te verwaarloos en baie foute, verliese en mislukkings kan toegeskryf word aan hierdie area.

Die stel van doelwitte en doelstellings kan uitdagend wees. Die vraag wat gevra moet word is die volgende: "Wat maak werklik saak?" As hierdie vraag nie bevredigend beantwoord kan word nie en die uitslag is nie positief nie, moet ons ons benadering verander. As jy uit opsies is, sal die beste manier wees om te bepaal watter optrede die minste skade sal veroorsaak indien dit nie gedoen word nie.

## Delegering

Die aard van landbou bied baie geleentheid waartydens jou aandag afgelei kan word. Baie tyd en geld word vermors deur te vinnig van een taak na 'n ander te beweeg. Goeie konsentrasievermoë en die voltooiing van een taak op 'n slag is die beste roete om te volg. Boere is baie swak delegeerders van verantwoordelikheid. My persoonlike waarneming is dat die moontlike redes daarvoor die volgende kan insluit:

- Gebrek aan personeelopleiding en die uitgangspunt dat hulle nie opgewasse vir die taak is nie.
- Insetkoste is hoog en as dit nie persoonlik hanteer word nie, kan dit lei tot verliese.
- Die vermoë om die taak daar te stel, te lei en te delegeer, is tradisioneel nie eie aan boere nie.


Die antwoord op hierdie vrese is eenvoudig: "Delegeer en los dan die taak." Delegering is die beste roete en daarmee saam kom 'n groot mate van verantwoordelikheid. Dit moet egter nie gesien word uit die oogpunt dat jy afstand daarvan doen nie. Afstanddoening beteken dat die boer nie in staat is om die probleem te hanteer nie en sy prioriteite verander. Op hierdie manier kan die blaam op die werkers geplaas word as dinge verkeerd loop.

Verliese sal altyd die boer se verantwoordelikheid wees. Die stert moet nooit die hond swaai nie, want dit is 'n pad na selfvernietiging.

JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE BOER



# ‘n Goeie boer is soos ‘n goeie renperd



**DIE MEERDERHEID MENSE BESKOU DOBBEL AS OM ‘N PAAR RAND OP ‘N GUNSTELING VIR DIE DURBAN JULY-PERDEWEDREN BY DIE GREYVILLE-RENBAAN TE PLAAS. ERNSTIGE DOBBELAARS DOEN EGTER BAIE NAVORSING OOR TELING EN GENE VOORDAT HULLE ‘N WENNER KIES.**

Daaglikse oefening, ‘n gebalanseerde dieet en opgeleide personeel is almal baie belangrike elemente wanneer wenners opgelei word. Die temperament van die perd en die jokkie moet ook bymekaar pas om ‘n goeie kombinasie te vorm vir ‘n moontlike oorwinning. Die beroepswedders bepaal die kans wat hulle aanbied op ‘n spesifieke perd, dag en ras. Hoe meer weddenskappe daar op ‘n perd is, hoe kleiner die kans om te wen. Hoe minder geld verwed is op ‘n perd, hoe groter is die kans om te wen en hoe groter sal die wins van die wedder wees. Die leuse van wedders is: “Moet nooit ophou om ‘n risiko te neem nie.”

Dit is ‘n goeie punt om wedders en die landbou te koppel, met die gemene deler natuurlik risiko. In onlangse artikels het ek die natuurlike seleksieproses bespreek wat plaasvind by boere wat hulself handhaaf en suksesvol boer oor generasies heen. Ons opkomende boere is aan die beginstadium van hierdie natuurlike seleksieproses.

Landbou is ‘n ingewikkelde wetenskap met ‘n verskeidenheid dissiplines. Eienaarskap en bestuur is belangrike faktore wat bydra tot die sukses van ‘n boerdery-onderneming. In die landbou word die *“jokkie”* soms vergelyk met die plaasbestuurder wat die plaas bestuur. Die jokkie kan ook vergelyk word met die menslike hulpbronkomponent in landbou. Hulle moet geskik en bevoeg wees op ‘n spesifieke gebied, naamlik die prestasiegebied, soos byvoorbeeld ‘n trekkerbestuurder of kuddewagter. Die keuse van ‘n verkeerde jokkie kan lei tot ‘n totale mislukking in wedrenne en meer so ook in die landbou. As ‘n wedder of boer het jy inligting nodig oor die *“talentareas”* van jou jokkies waarop jy jou besluite kan baseer, omdat arbeiders ‘n belangrike rol kan speel in jou sukses.

Ervaring is ook belangrik en moet nooit onderskat word nie. Baie gemiddelde perde het al eerste oor die wenstreep gehardloop as gevolg van ‘n ervare jokkie en baie ervare boere het al hul pad deur moeilike tye gewerk en ‘n goeie lewe gemaak.

Dit is belangrik om die “teel van wenners” te verstaan. Die keuse van die perd is baie soos die werking van Safex (beroepswedders). Hoe groter die vraag na ‘n spesifieke jaaroud, hoe hoër sal die prys wees. Die aanplant van die verkeerde gewasse wat nie in aanvraag is nie, veroorsaak surplusprodukte van lae waarde. Om die verkeerde produk op die mark te bring, sal nie ‘n winsgewende bedryf skep nie. Elke plaas produseer gewasse en dit moet van ‘n hoë gehalte wees om wins te verseker. Minderwaardige produkte sal nie aantreklike winste genereer nie.

Sommige perde gee lang treë, maar herhaal dit teen ‘n stadige pas. Ander gee kort treë, maar herhaal dit teen ‘n vinniger tempo. Die kans op sukses is dus in die handhawing van ‘n perfekte balans. In die landbou het ons soortgelyke tendense ervaar. Alhoewel die opkomende plaas vordering toon in sekere areas, is dit egter nie so doeltreffend in ander areas nie as gevolg van hoër vaste koste per eenheid. Die verskil is dat groot boerderye groot kapitaalinsette vereis. Dit sal dus meer effektief wees om goedkoper trekkers en implemente te gebruik. Die arbeid is grootliks beperk tot ‘n familiepoging.

‘n Klein besigheid wat goed bestuur word, kan dieselfde produksie per hektaar produseer. Die opleiding van opkomende boere, eienaarskap en toepassing van goeie praktyk is ‘n goeie beginpunt. Opleiding word deur baie instellings gratis aangebied en ander teen ‘n nominale koste. Opleiding moet ook nooit ophou nie, omdat tegnologie daagliks ontvou en dit is presies wat Graan SA van dag tot dag doen.

Die probleemareas blyk te wees om eienaarskap te neem en die toepassing van kennis. Wees versigtig om nie die program af te dwing nie. Ons is besig met eerstegenerasie-atlete. Te veel, te gou, kan die toekoms in gevaar stel en lei tot vroeë aftrede. Diegene wat taai wedlope kan hanteer en wen, is die atlete wat ons moet laat groei. Sommige sal ‘n bietjie langer neem en ander mag dalk nooit die wenpaal haal nie.

Ons leuse in die landbou moet altyd wees: “Wanneer dit moeilik raak, moet jy net aanhou.” Ons grootste vyand is sonder twyfel risiko. Wees konserwatief en groei in jou besigheid. Alhoewel die meerderheid van ons opkomende boere nie die volle “prysgeld” sal ontvang nie, sal hulle sekerlik die ontwikkeling van ‘n sterk grondslag vir toekomstige geslagte bou.

**JAN DE VILLIERS, ‘N AFGETREDE BOER**

# Begroting – nie net ‘n bestuursfoefie nie

**WANNEER ‘N BEGROTING OORWEEG WORD, ONTSTAAN DAAR GEWOONLIK ‘N PAAR VRAE. WAT IS ‘N BEGROTING? WAAR PAS ‘N BEGROTING IN? WAT IS DIE DOEL VAN ‘N BEGROTING? IS DIT REGTIG DIE MOEITE WERD OM ‘N BEGROTING TE GEBRUIK?**

Mense gebruik die term “begroting” heel dikwels sonder om ten volle te besef dat ‘n begroting deel is van finansiële bestuur. Daar moet dus in gedagte gehou word wat bestuur impliseer – om te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer. Normaalweg beplan ons ons besigheid in fisiese terme – wat gaan ons plant en hoeveel hektaar, watter saad gebruik sal word, ensovoorts. Aan die einde van die jaar word die sukses van ons besigheid uitgedruk in monetêre terme (rand en sent), ook bekend as die finansiële resultaat (wins/verlies). Daarom maak dit sin om al ons planne ook uit te druk in monetêre terme en dit is presies wat ‘n begroting is.

‘n Begroting word gedefinieer as ‘n geskrewe plan vir toekomstige optrede, uitgedruk in fisiese en finansiële hoeveelhede. In terme van finansiële bestuur is die toekoms die volgende finansiële jaar, wat vanaf 1 Maart 2013 tot 28 Februarie 2014 kan wees.

Met ander woorde, begrotings is deel van die beplanningsproses en word gesien as ‘n hulpmiddel tot beplanning. Beplanning en dus begrotings

PULA IMVULA

*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

GRAAN SA
Posbus 74087, Lynwood Ridge, 0040
▸ 08600 47246 ◂
www.grainsa.co.za

VERSPREIDING
***Debbie Boshoff***
▸ 08600 47246 ◂
www.grainsa.co.za

ONTWIKKELINGS KOÖRDINEERDERS
***Danie van den Berg***
Vrystaat (Bloemfontein)
▸ 071 675 5497 ◂
danie@grainsa.co.za

***Johan Kriel***
Vrystaat (Ladybrand)
▸ 079 497 4294 ◂
▸ Kantoor: 051 924 1099 ◂
johank@grainsa.co.za
Dimakatsi Nyambose

***Jerry Mthombothi***
Mpumalanga (Nelspruit)
▸ 084 604 0549 ◂
▸ Kantoor: 031 755 4575 ◂
jerry@grainsa.co.za
Nonhlanhla Sithole

***Naas Gouws***
Mpumalanga (Belfast)
▸ 072 736 7219 ◂
naas@grainsa.co.za

***Jurie Mentz***
Mpumalanga (Vryheid)
▸ 082 354 5749 ◂
▸ Kantoor: 034 980 1455 ◂
jurie@grainsa.co.za
Sydwell Nkosie

***Ian Househam***
Oos-Kaap (Kokstad)
▸ 078 791 1004 ◂
▸ Kantoor: 039 727 5749 ◂
ian@grainsa.co.za
Jenilee Buntting

***Lawrence Luthango***
Oos-Kaap (Mthatha)
▸ 076 674 0915 ◂
▸ Kantoor: 047 531 0619 ◂
lawrence@grainsa.co.za
Cwayita Mpotyi

***Toit Wessels***
Wes-Kaap (Paarl)
▸ 082 658 6552 ◂
toit@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
***Infoworks***
▸ (018) 468-2716 ◂
www.infoworks.biz

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:
***Afrikaans,***
Engels, Tswana, Sesotho, Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

*Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.*

# Begroting – nie net 'n bestuursfoefie nie

het betrekking op die toekoms en daarom word toekomstige beplanning gebaseer op beramings van toekomstige inkomste en uitgawes. Omdat die toekoms egter so onseker is, kan begrotings nie rigied of vas wees nie. Begrotings moet aanpasbaar wees, alhoewel dit op sigself ook gevaarlik kan wees as planne maklik en voortdurend aangepas word.

Die hoofdoel van begrotings is die volgende:

- Om te help met 'n doelgerigte beplanning van al die ondernemings en afdelings van die besigheid;
- Om verskillende planne te vergelyk en te besluit op die beste;
- Met besluitneming te help wanneer planne **geïmplementeer** word; en
- Om gebruik te word as die finale **beheer** van alle aktiwiteite.

Die begroting moet die boer help met die bereiking van doelstellings en doelwitte van sy besigheid, dus moet die begroting so realisties en so akkuraat as moontlik wees, wat die belangrikheid en noodsaaklikheid van behoorlike rekordhouding beklemtoon.

Soos in vorige artikels verduidelik, moet jy al die brondokumente aanteken om uiteindelik die drie finansiële state wat vir behoorlike finansiële bestuur vereis word, saam te stel en wat in detail die finansiële sukses van jou besigheid aandui. Die drie finansiële state is die **inkomstestaat, balansstaat** en derdens die **kontantvloeistaat**. Onthou dat elke staat 'n ander resultaat aantoon en slegs wanneer elke resultaat positief is, is jou besigheid suksesvol.

Wanneer 'n begroting opgestel word, is dit ook nodig om die drie finansiële state op te stel en hulle word dan beskryf as **begrotingstate**. Die verskil is dat hierdie state die verwagte finansiële sukses van jou besigheid aandui. Die uitdaging is dat met die opstel van 'n begroting jy geen brondokumente het nie en moet jy dus alle inkomstes en uitgawes self bereken/bepaal.

Die opstel van 'n begroting word deur sommige gesien as 'n moeilike proses en daarom verg dit dissipline om die taak te vervul. Die vraag of 'n begroting saamgestel moet word, kan beantwoord word met die stelling dat suksesvolle besighede, ook in die landbou, begrotings gebruik as 'n bestuursmiddel. Hulle sal dit nie doen as dit nie die moeite werd is nie.

Laat ons nou kyk na die praktiese aspekte rakende die opstel van 'n begroting. Ten einde jou totale besigheid te dek, is dit raadsaam om die volgende sub-begrotings op te stel:

- 'n Kapitale begroting te beplan vir die aankoop van bates soos trekkers, implemente, 'n skuur, omheinings, 'n bakkie vir die plaas ensovoorts. Wanneer dit korrek gebruik word, kan 'n begroting dan 'n nuttige hulpmiddel wees om die onbeplande en spontane aankoop van byvoorbeeld 'n spoggerige bakkie teen te werk.
- Ondernemings- of produksiebegrotings weerspieël die produksiekoste vir die volgende jaar. Hierdie produksiebegrotings moet gebaseer wees op jou onderneming se produksiebestuursprogram.
- 'n Begroting vir alle meganiese koste, wat die koste van alle voertuie, groter masjinerie en implemente weerspieël. Hierdie koste moet die koste vir brandstof, bande, dienste, lisensies, versekering en ander onderhoudskoste insluit.
- 'n Oorhoofse begroting wat koste soos vergoeding vir permanente werknemers, elektrisiteit, water, ander onderhoudskoste vir die instandhouding van byvoorbeeld geboue en omheinings, versekering, depresiasie van bates en al die kantoorkoste soos telefoon- en rekenaarkoste asook skryfbehoeftes insluit. Dit is al die koste wat moeilik is om toe te ken aan 'n spesifieke onderneming.
- 'n Finansiële begroting wat die rente en kapitaal wat gedurende die volgende jaar op alle lenings betaalbaar sal wees, aandui.
- 'n Begroting vir jou persoonlike uitgawes. Dit word sterk aanbeveel dat jy 'n "salaris" vir jouself op 'n maandelikse basis begroot en jou persoonlike uitgawes afsonderlik van dié van jou besigheid hou. Aan die einde van die jaar kan jy dan besluit op 'n "bonus" vir jouself, indien en wanneer daar 'n wins wys. Dit is jou besigheid, dus is dit jou keuse om te besluit hoe om die wins te gebruik, of jy jou besigheid wil uitbrei, te verbeter deur die verkryging van nuwe en beter tegnologie, op jouself, of miskien deur geld te spaar.

Met al hierdie sub-begrotings in plek, sal jy in staat wees om jou hoofbegroting saam te stel wat bestaan uit die drie genoemde finansiële state, wat jou sal voorsien van 'n skatting van die finansiële sukses van jou besigheid vir die volgende jaar.

Ten slotte: Wanneer jy vir die eerste keer 'n begroting saamstel, sal dit moeilik wees, maar onthou dat gereelde oefening perfeksie bring en ervaring het getoon dat dit die moeite werd is.

**JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**